



MAANDELIKSE NUUSBRIEF: MEI 2021

ENGLISH BELOW

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk/verkeerdlik ontvang het, stel asseblief die versender onmiddellik in kennis by hsagenquiries@gmail.com en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede asook dat die inhoud van u maandelikse state korrek is.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING
2. WAT BEHELS DIE HSAG HOFSAKE EN IS DIE TYDRAAMWERK?
3. BELANGRIKE VERSOEK: DECA (HS 15-22)
4. 2021 CCAF EN HSAG OPVRAGINGS
5. VORDERING IN CCAF (HS 21 & HS 22)
6. HSAG EN CCAF LIDMAATSKAP
7. BESIGHEIDSREDDINGSVERSLAG GELIASSEER DEUR HANS KLOPPER - HOËVELD SINDIKASIE MAATSKAPPYE
8. VERSLAG VAN JACQUES DU TOIT – ZEPHAN EN ORTHOTOUCH (IN BESIGHEIDSREDDING)
9. BRIEF ONTVANG VAN HSBF
10. VALKE / NVG PROSEDURES
11. HSAG-LIDMAATSKAP EN BESKERMING
12. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE
13. BELANGRIKE ALGEMENE VOORWAARDES

1. INLEIDING

Welkom beleggers by nog 'n nuwe nuusbrief. Ons vertrou dat dit goed gaan met u en dat almal en hul geliefdes nog gesond bly. Ons is bewus daarvan dat ieder en elk van ons beleggers geaffekteer is, sommige meer as ander, deur die Covid-19 pandemie. Ons medelye aan die wat geliefdes in die proses verloor het. Julle is in ons gedagte en gebede.

Ons kry gereeld navrae van ons lede dat ons die regsproses, wat ingewikkeld is, moet vereenvoudig en by wyse van voorbeelde verduidelik, wat ons poog in hierdie nuusbrief.

Ons het al voorheen hierdie regstryd teen ons opponente met die Comrades maraton vergelyk. Hierdie maand wil ons u aanmoedig om kontak te maak met u mede-beleggers om te verseker dat hulle ook die maandelikse nuusbrief lees. Dit sal die gevolg hê dat almal op datum is met die HSAG aangeleenthede, maar sal ook die wat moedeloos is aanmoedig dat daar steeds hoop is. Ons is bewus dat sommige beleggers nie die HSAG nuusbriewe lees nie, maar ons glo dit is 'n waardevolle platform vir kommunikasie met die HSAG, sy regspan en beleggers.

Dit is soms moeilik om die belangrike inligting van ons saak en stukke van die legkaart van die bogstories op Whatsapp-groepe en die valse inligting wat versprei word deur die HSBF-webtuiste en nuusbriewe te onderskei, maar op hierdie platform glo ons dat u 'n formele opsomming kan kry van al die gebeure rakende u aangeleentheid. As sodanig glo ons dat elke belegger die maandelikse nuusbrief moet lees as hy/sy ernstig is daaroor om op hoogte te bly, aan boord te bly en sinvolle gesprekke met die HSAG wil voer.

Ons glo dat baie mense sal vind dat hul mees drukkende bekommernisse maandeliks aangespreek word en partymaal hoe om kop bo water te hou. Moedig dus asseblief u mede-beleggers aan om op hoogte te bly met die HSAG-nuusbriefe en aan boord te bly aangesien dit net as gevolg van die groot getalle van die HSAG-lede is dat ons tot nou toe 'n magtige eiendomsmagnaat en sy assosiate kon aanvat. Dit sal die regspan in staat stel om te fokus op die belangrikste kwessies, naamlik die voorbereiding van

regsdokumente wat noodsaaklik is om 'n suksesvolle saak aan te voer. Baie beleggers sal oplet dat hul vrae reeds beantwoord word in die nuusbriewe. Ons vra byvoorbeeld hierdie maand spesifieke inligting van beleggers en hoe meer terugvoer ons kry, hoe beter.

Ons bedank elk van diegene wat op hoogte bly met die nuusbriewe en hul bydraes betyds maak.

2. WAT BEHELS DIE HSAG HOFSAKE?

Daar is meer moontlike iterasies van skaakwedstryde as wat daar atome in die waarneembare heelal is. Hierdie waarde, bekend as die Shannon-nommer, verteenwoordig alle moontlike skuiwe in 'n skaakwedstryd.

Daar was onlangs 'n baie suksesvolle reeks op Netflix met die titel, The Queen's Gambit. Alhoewel skaak blykbaar 'n vervelige spel is, het die Queen's Gambit, wat tot op hede een van die suksesvolste reekse op Netflix was (met 62 miljoen intekenare wat dit in die eerste 28 dae gekyk het) die ingewikkeldheid van die sport uitgelig. Litigasie in hierdie aangeleentheid is baie soortgelyk aan 'n skaakspel, daarom streef die HSAG daarna om die beste moontlike kundiges te gebruik wat by ons spesifieke behoeftes pas.

In skaak is die moontlikhede vir bewegings en openinge eindeloos. Indien jy nie versigtig genoeg is nie en te aggressief aanval, stel jy jouself bloot vir 'n teenaanval. Indien jy te stadig beweeg, sal jy beheer verloor oor die middel van die bord en sal jou aanvalslinies nie genoegsaam ontwikkel nie.

Daar is verskeie strategieë en patrone wat 'n Skaakmeester moet memoriseer en verstaan. Ruimtelike bewysvoering is ook 'n baie moeilike deel van die spel. 'n Speler moet verskeie beweging vooruit kan sien en moet ook die posisie en opposisie akkuraat kan analiseer. Dit is presies die geval met ons saak teen Mnr. Georgiou en die ander respondente.

Skaak is uiters kompleks en ingewikkeld. Jy kan 'n uiterse komplekse strategie gebruik om slegs 'n opponer se pion te neem. Vir die ongeoefende oog mag dit vrugteloos voorkom, aangesien 'n pion net 'n enkele punt werd is en ook beperkte beweging het, maar 'n Skaakmeester weet dat dit teen die einde van die spel verskil tussen wen en verloor mag beteken. Die regsplan het verskeie strategieë en beweging in plek met die eindspel voor oë. Dit is eers aan die einde van die spel waar al die klein "oorwinnings" bymekaar getel sal word en die teenkant se koning blootgetel sal wees. Sover was die HSAG al suksesvol in meer as 20 sake teen ons opponente, ons het dus al soveel skaakstukke van ons opponente geneem in hierdie toernooi. Een en elk van die lede van die HSAG, maak nie saak hoe klein, is van groot waarde vir ons en kan die verskil wees tussen wen en verloor van die spreekwoordelike oorlog.

Toe die regsproses van stapel gestuur is, het die regsplan verduidelik dat die aangeleentheid tweeledig is. Eerstens is dit die sertifisering van die klas-aksie en daarna die hofsak. Dit is verduidelik dat dit drie tot vyf jaar kan neem voordat 'n normale Hooggeregshof-aangeleentheid aangehoor word. Dit is nou 18 maande, ten spyte van Covid, sedert die CCAF-aangeleentheid gesertifiseer is en ons vertrou dat, indien moontlik, die aangeleentheid voor die einde van die jaar aangehoor sal kan word.

3. BELANGRIKE VERSOEK: DECA (HS 15-22)

Hierdie versoek is gerig aan **alle** beleggers en/of finansiële adviseurs. As een van u dokumente of inligting in u besit het wat aantoon dat die Georgiou's as 'n groepseenheid gefunksioneer het, dit wil sê as 'The Georgiou Group', stuur hierdie inligting so gou moontlik na die onderstaande e-posadres:

hsagwhistle@gmail.com (alle e-posse gestuur aan hierdie adres sal anoniem hanteer word)

Dit is van uiterse belang, aangesien die Georgiou seuns nou aanvoer dat hulle nooit deel was van 'n groep saam met hul pa nie. Ons het alreeds inligting ontvang en opgespoor wat hierdie aantygings weerlê, maar ons benodig die beste moontlike bewysstukke om ons saak te veg.

Maak asseblief seker dat u mede-beleggers hierdie versoek ontvang.

4. 2021 CCAF EN HSAG OPVRAGINGS

Soos u almal weet, is daar tans twee onderskeibare klas-aksies teen Mnr. Nic Georgiou en andere. Die eerste is van stapel gestuur in 2014 en die tweede in 2019. Hierdie twee klas-aksies verskil aangesien aan die een gebaseer is onder andere op kontraktuele eise (wat CCAF insluit) teen Mnr. Nic Georgiou en sy twee entiteite. Die tweede klas-aksie sluit ook Mnr. Georgiou se seuns (die sogenaamde Georgiou-groep) in en is in 2019 uitgereik.

Tans is daar reeds 'n groepsgeeding wat bestaan uit 1 800 eisers (CCAF) waarvan die oorgrote meerderheid HSAG-lede is wat die HSAG gedurende hierdie jare in verskeie verrigtinge ondersteun het. Beide CCAF en die HSAG word hoofsaaklik gedryf deur 'n aantal opbetaalde HSAG-lede. Tydens die sertifiseringsaansoek het die hof sekere finansiële verligting toegestaan aan opbetaalde HSAG-lede, maar het ook bevestig dat ander sindikate nie die CCAF-aangeleentheid mag finansier of subsidieer nie. Die HSAG-bestuurskomitee het in oorleg met die CCAF-regspan aangedui dat hulle weer finansiële verligting vir opbetaalde HSAG-lede sal ondersoek. Dit is met groot dankbaarheid dat ons u kan inlig dat ons nou in 'n posisie is om te bevestig dat sodanige verligting in die HSAG verleen sal word.

CCAF:

Die gesertifiseerde klas-aksie (“CCAF”) is al vir 18 maande in proses nadat dit op 10 Desember 2019 gesertifiseer is. Geen fondse is al aangevra deur die regspan van die lede in die klas-aksie nie. 'n Trust-opvraging is dus nou onafwendbaar. CCAF sal in twee groepe verdeel word vir die 2021 opvraging:

- beleggers wat R 100 000 **of minder** in HS 21 en/of HS 22 belê het.
- beleggers wat **meer as** R 100 000 in HS 21 en/of HS 22 belê het.

Die CCAF opvraging vanaf 10 Junie 2021 sal die volgende bedrae wees:

- R2 000 onmiddellik betaalbaar en R1 000 betaalbaar binne ses maande (trustopvraging van altesame R3 000 per persoon) vir beleggers wat R 100 000 **of minder** belê het.
- R2 000 onmiddellik betaalbaar en R2 000 betaalbaar binne ses maande (trustopvraging van altesame R 4 000 per persoon) vir beleggers wat **meer as** R100 000 belê het.

HSAG:

Alle opbetaalde HSAG lede in CCAF kan finansiële verligting ontvang. Sodanige lede wat deel is van **beide** die HSAG en CCAF kan kwalifiseer vir **R500.00 krediet** vir hul 2022 opvraging, mits hulle **volopbetaalde HSAG lede was teen 30 April 2021** was.

In praktiese terme is die R500 krediet 'n 25% krediet op die huidige jaarlikse fooie. In CCAF sal persone met 'n eis minder as R100 000 ook 'n 25% vermindering in hul opvraging ontvang.

In lyn met die sertifikasie bevel, sal hierdie krediet ongelukkig **nie oorgedra** kan word na die CCAF aangeleentheid toe nie. Dit sal ook **nie uitbetaal** word aan enige HSAG lede nie.

Neem asseblief kennis dat die beleggers wat kwalifiseer vir sodanige finansiële verligting tot **31 Augustus 2021** sal hê om **skriftelik** aansoek te doen vir die bogenoemde finansiële verligting ten opsigte van die bogenoemde opvraging.

Die HSAG bestuur is net by magte om besluite te maak oor HSAG aangeleenthede en kan dus, te same met die regsman, net hierdie finansiële verligting **eksklusief** aan opbetaalde lede van die HSAG aanbied wie ook lede van CCAF is.

5. VORDERING IN CCAF (HS 21 & HS 22)

Met betrekking tot die HS 21 en HS 22 Gesertifiseerde klas-aksie en die Reël 30-aansoek wat deur die Respondente aanhangend gemaak is rakende HS 21B, is ons repliserende verklaring beëdig, geliasseer, en beteken op die Respondente in beide die

'Waxham'-saak (Saak Nr: 9272/2020) asook as die 'Vlok'-saak (Saak Nr: 80811/2014). Hierdie twee sake loop gelyktydig, aangesien dit belangrik is dat hulle gesinkroniseer bly.

Die repliserende verklaring is 'n reaksie op die antwoordende verklaring van die Respondente en spreek al die bekommernisse van die respondente aan tot die mate wat dit feitlik en volgens wet vereis word. Die antwoordende verklaring van die Respondente, en op sy beurt, ons repliserende verklaring, het hoofsaaklik betrekking op die sogenaamde 21B-beleggers en of hulle deel vorm van die HS 21 & 22 groep van beleggers. Ons het nog altyd volgehou dat die 21B-beleggers deel uitmaak van HS 21 & 22 en dat hul eise vierkantig binne die bestek van die sertifiseringsbevel van Regter Tolmay val. Dit is ook die siening van ons regsplan.

Die doel van die twee kennisgewings van mosie, gedateer 15 Desember 2020, was eenvoudig om voorsiening te maak vir 'n situasie waar die hof bevind dat 21B nie outomaties ingesluit is nie. Hierdie aansoeke poog dus om voortaan te verseker dat 21B beleggers nie uitgesluit word nie, indien nodig. Die voorwaardelike teenaansoek beoog in wese dieselfde uitkoms as dié van die twee kennisgewings van 15 Desember 2020.

Ons vertrou dat die opposisie se reël 30(1) aansoek nie meriete het nie en van die hand gewys sal word.

Die kwessie wat deur die Georgiou' en andere geopper is, was as gevolg van HS21B-lede wat "ge-Opt-In" het toe hulle die geleentheid gehad het om dit te doen ingevolge die bevel van Regter Tolmay. Niemand is oorgehaal of gemanipuleer om te "Opt-In" nie, maar in alle gevalle volgens ons kennis het die HS-beleggers wat "ge-Opt-In" het, dit gedoen omdat hulle hulself ten volle geassosieer het met die HS21- en HS22-gesertifiseerde klas-aksie, in die mate dat hulle hulself as deel beskou het van die gesertifiseerde klas-aksie. Sedert die sertifisering van Regter Tolmay van die klas-aksie, was daar nie 'n enkele kansellasie deur 'n sogenaamde HS21B-belegger nie, ondanks 'n kragtige poging van Georgiou en sy span om sulke beleggers af te weer om finansiëel tot die gesertifiseerde klas-aksie by te dra.

Ons regsplan het verskeie opsies gebied en probeer met dieselfde doel voor oë: om nie 21B-beleggers uit te sluit as deel van die gesertifiseerde klas toe hulle die name ingedien het van die wat “ge-Opt-In” het nie, of dit nou outomaties of persoonlik was. In reaksie hierop het die Respondente hierdie doel teëgestaan deur op hoogs tegniese prosedures en verweere staat te maak ten einde die saak op enige manier te vertraag. Dit is direk teenstrydig, soos ons dit verstaan, met die moderne benadering wat substansie bo vorm bevorder, veral waar die ander party nie in 'n werklike of reële sin benadeel word nie. Die klagtes van die Respondente berus elkeen op die bogenoemde hoogs tegniese prosedures, waarvan nie een hulle in die minste benadeel nie. Die Respondente het ook weereens begin met 'n smeerveldtog teen ons regsplan.

Die Respondente maak ook staat op 'n beëdigde verklaring wat in stryd is met die sogenoemde Lensvelt-reël. Die Lensvelt-reël verbied getuienis (of 'n beëdigde verklaring) van 'n getuie wat in 'n ander saak/verhoor aangebied is, tensy daar aan streng kriteria voldoen word (wat in hierdie saak nie die geval is nie). Die verklaring bevat verskeie teenstrydighede, onwaar en lasterlike opmerkings wat ooreenstem met die aard waarop ons opposisie die saak tot dusver gedryf het. Behalwe vir die bogenoemde, is die deponent van die eedsverklaring niemand anders nie as een van die voormalige applikante wat gedompel is in skande nadat sy op 'n onetiese wyse met Mnr. Georgiou geskik het en daarna probeer het om die klas-aksie vir sertifikasie terug te trek. Nodeloos om te noem dat sy en die ander voormalige applikante, wat in oneer gebring is, onsuksesvol was.

Noudat die antwoordende beëdigde verklaring gelyasseer en beteken is, is wat volg: die verhoor. Die volgende stap sal dus wees om die hoofde van betoog op te stel waarna die aansoek neergelê sal word ten einde aangehoor te word. Gewoonlik word 'n reël 30(1) aansoek aangehoor voordat die hoof saak aangehoor word, maar in hierdie geval het ons regsplan die saakbestuurder gevra dat die aangeleentheid aangehoor word by aanvang van die verhoor.

Die regsplan het 'n saakbestuursvergadering te versoek rakende die bogenoemde wat so gou moontlik aangehoor sal word deur Regter Potterill.

6. HSAG EN CCAF LIDMAATSKAP

Soos hierbo gemeld is dit belangrik om uit te lig aan alle HSAG en CCAF lede (veral die wat belê het in HS21B) van die feit dat hulle uit vryewil by die verrigtinge aangesluit het, maar die HSAG wil gelyktydig die versekering gee dat ons en die regsman sal poog om hulle te ondersteun so ver en volledig as moontlik. Die HS21B lede wat “ge-Opt-In” het, het dit gedoen ingevolge Regter Tolmay se bevel in die HSAG sertifikasie klas-aksie. Dit is nie nodig om die CCAF-lede, wat HS 21B beleggers is, daaraan te herinner dat hulle op eie stoom en risiko by die groep aangesluit het in die sertifisering deur regter Tolmay op 10 Desember 2019 nie. Hierdie beleggers het hulself volledig verbind met die HSAG se gesertifiseerde klas-aksie en sal die ondersteuning van die HSAG en CCAF regsman geniet. Alhoewel geen enigiemand of ons regsman 'n uitkoms kan waarborg nie, vertrou ons dat die HS 21B-beleggers nie hul bydraes tot die bogenoemde regsgeding vermors het nie. Hierdie beleggers beskou hulself onomwonde as deel van die ‘Fast Track Certified class action’, inaggenome dat die hof oor die aansoek moet beslis, alternatiewelik kan die voorwaardelike teenaansoeke, wat ook voor die hof sal dien, bevestig dat hulle ingesluit is al dan nie.

Ons wil nie spekulêr rakende die uitkoms nie en sal daarmee handel sodra ons bevestiging van die hof ontvang het.

7. BESIGHEIDSREDDINGSVERSLAG GELIASSEER DEUR HANS KLOPPER - HOËVELD SINDIKASIE MAATSKAPPYE

Die Besigheidsreddingspraktisyn van die Hoëveld Sindikasie 15 - 22-maatskappye, Hans Klopper, het op 30 April 2021 'n verslag oor die status van die besigheidsredding aan beleggers gestuur. In hierdie verslag gee Klopper 'n uiteensetting van hoe 'n sakereddingsplan aanvaar is om eiendomme aan Orthotouch Bpk. “oor te dra”. Hy verduidelik verder hoe Orthotouch 'n reëlinskema aan Hoëveld Sindikasie-beleggers voorgestel het. Klopper beweer dat die reëlinskema “fully effective and binding” is, wat

ons natuurlik betwis. Die reëlinskema het probeer om alle beleggers se eise aan 'n derde party (Zephan) te sedeer, wat volgens Klopper die gevolg gehad het dat die maatskappy nie meer geaffekteerde persone gehad het nie. Effektiewelik sê hy dat omdat beleggers se eise aan 'n ander maatskappy gesedeer is, kan die beleggers nie meer die HS maatskappy aanspreeklik hou nie. Klopper meen dat HS beleggers se regte beperk is tot betaling ingevolge die goedgekeurde reëlinskema. Indien hierdie benadering aanvaar word, wat sterk teengestaan word deur die HSAG, dan sal 'n hof in effek moet aanvaar dat die Georgiou's verryk is tot die nadeel van HS beleggers nie, was ondenkbaar is.

Klopper maak wel melding van ons aansoek om die reëlinskema, wat in Maart 2015 van stapel gestuur is, tersyde te stel, maar het natuurlik nie dieper gedelf in die meriete van sodanige aansoek nie. Nic Georgiou het 'n opponerende verklaring saam met 'n voorwaardelike-teenaansoek geliasseer.

Dit is Klopper se mening dat die klas-aansoek, wat in Oktober 2014 ingestel is, nie hanteer kan word voordat duidelikheid verkry word met betrekking tot die status van die Reëlinskema nie.

Klopper noem kortliks die feit dat beide Orthotouch en Zephan op 7 November 2019 ook onder sakeredding geplaas is en dat Jacques du Toit aangestel is as die Besigheidsreddingspraktisyn ten opsigte van die twee maatskappye. Die HSAG glo dat die twee maatskappye heeltemal bankrot is en is dit dus net 'n verdere bewys is dat sekere professionele-persone hulself assosieer met die tipe gedrag waar 'n besigheidsredding presies is wat die naam sê, op 'n spoedige wyse. Die aansoek tot 'n verklarende bevel, wat deur Mnr. du Toit gebring word, sal hieronder in meer besonderhede bespreek word. Hierdie aansoek is van stapel gestuur om duidelikheid te verkry oor die status van die belegger se eise.

8. VERSLAG VAN JACQUES DU TOIT – ZEPHAN EN ORTHOTOUCH (IN BESIGHEIDSREDDING)

Ten spyte van die voor die hand liggende insolvente toestand van beide Zephan en Orthotouch het Mnr. Jacques du Toit, Sakereddingspraktisyn van Zephan en Orthotouch, 'n duur aansoek om 'n verklarendebevel ingestel met betrekking tot 'n onderwerp wat reeds deur die Hoogste Hof van Appèl oorweeg is en waarop daar reeds 'n uitspraak gelewer is, naamlik die kwessie rakende die terugkoop klousules.

In Mnr. du Toit se "Declaratory Litigation Letter" van 1 April 2021, spreek hy alle geaffekteerde persone aan, dit wil sê beleggers, en lig hulle in (soos hy verplig is) rakende die aansoek om 'n verklarendebevel. 'n Verklarendebevel is 'n buigsame remedie wat behulpsaam kan wees ten einde regs kwessies spoedig uit te klaar. Die aansoek om 'n verklarendebevel sal slegs van toepassing wees indien die aangeleentheid 'n suiwer regsvraag of interlokutêr is van aard. Die toestaan van 'n verklarendebevel is 'n diskresionêre beslissing wat deur die hof uitgeoefen word met betrekking tot die spesifieke omstandighede rondom die saak. Dit is belangrik dat 'n hof nie ondersoek instel na die feite ten einde 'n regsvraag te beantwoord nie.

Alhoewel dit blyk om selfs voordelig te wees vir HSAG-lede, sal dit baie geld kos en is dit bloot 'n vertragingstaktiek van Mnr. du Toit wat ons nie van meer duidelikheid sal voorsien nie aangesien die Hoogste Hof van Appèl reeds oor hierdie kwessie 'n bevel gemaak het. Die vraag is dus: teen watter koste word so 'n aansoek gebring?

Die Orthotouch-verslag van Februarie - Maart vir 2021 is op 31 Maart beskikbaar gestel. In hierdie verslag maak Du Toit dit duidelik dat 'n tweede skuldeisersvergadering uitgestel sal word totdat 'n finale uitspraak gelewer word in die aansoek tot 'n verklarendebevel soos deur Du Toit gebring. Sy pogings om die verrigtinge teen die Georgiou's te vertraag is duidelik.

Die Applikant stel dat die aansoek tot 'n verklarendebevel steeds aangehoor moet word en dat 'n datum daarvoor steeds voorsien moet word. Ons het hierdie aansoek teëgestaan, maar terselfdertyd 'n streng brief aan die senior prokureur van Mnr. du Toit geskryf om hom in kennis te stel dat die HSAG nie sal deelneem in die vrugtelose en duur aansoek nie. Mnr. du Toit wil nie duidelikheid verkry oor hoe om die leë Zephan en Orthotouch-doppe te red nie, maar eerder hoe om Mnr. Nic Georgiou en sy entiteite vry te stel. Du Toit se passiewe benadering tot sakereddingsproses, wat in wese 'n spoed

remedie is, is die kern van die probleem. Hy sal slegs 'n gewysigde besigheidreddingsplan publiseer sodra die verklarende bevel deur die hof gemaak word. Uit ervaring jare kan ons stel dat dit jare kan duur voordat die finale appèl aangehoor of bepaal word.

'n Deel van die regshulp in die verklarende aansoek is om verlof te kry om die aansoek op ons prokureurs en twee ander regsfirmas te beteken. Ons het geen aanduiding ontvang wat dui daarop dat verlof vir sodanige betekening toegestaan is nie. Dit is vir ons beswarend en voortydig om enige verdere stappe te neem totdat verlof tot vervangende betekening toegestaan word.

Die gebrek aan 'n bevel wat vervangendebetekening goedkeur is die eerste manier waarop die aansoek onreëlmatig is. Daarbenewens verontagsaam die aansoek die hangende klas-aansoek in die Hooggeregshof van Pretoria (saak nr.: 9272/2020) en probeer dit die onlangse uitspraak van die hoogste hof van Appèl in *Noormahomed v Zephan (Edms.) Bpk.* waar die hof beslis het dat sodanige regte nie deur die reëlinskema aangetas is nie, omkeer. Litigasie in hierdie aangeleentheid (die verklarendebevel aansoek) is buitengewoon duur, maar ook nutteloos aangesien dit fataal gebrekkig en in substansie onreëlmatig is. Die aansoek is ook nie op 'n *bona fide*-basis gebring nie.

Ten slotte is die verligting vir hierdie tipe betekening soortgelyk aan 'n bevel vir vervangendebetekening. Alhoewel die verligting wat gevra word soortgelyk is aan vervangendebetekening, is dit duidelik nie 'n aansoek om vervangendebetekening nie. In die lig van die bogenoemde faktore asook die berekende poging van Georgiou om kosbare fondse en hulpbronne te vermors, sal die HSAG op advokaatsadvies geen verdere stappe in die aangeleentheid neem nie, tensy die bevel vir vervangendebetekening toegestaan word.

Die aansoek is ook in verskeie ander opsigte onreëlmatig. Een van die bedes in die aansoek kan aangeveg word met 'n beswaar en/of spesiale pleit van *lis pendens*. Een van die ander bedes blyk te poog om op omslagtige wyse die onlangse uitspraak van

die HHA in *Noormahomed v Zephan (Edms.) Bpk.* saak om te keer. Ons vermoed dat litigasie gebring is op 'n basis wat nie *bona fide* is nie en slegs bedoel is om koste en tyd van die beleggers te mors, soos die taktiek van Mnr. Georgiou in die verlede ook al was. Die Hooggeregshof het al voorheen die onetiese gedrag van Mnr. Georgiou veroordeel. Die regsman van Mnr. du Toit het ook 'n etiese verpligting om 'n geregtelike presedent voor die hof te stel wat nie hul saak ondersteun nie, en sodoende hul aansoek oorbodig maak. Die HSAG sal die saak volg en sy regsman opdrag gee indien en wanneer nodig.

9. BRIEF ONTVANG VAN HSBF

Sommige beleggers het weer naamlose briewe ontvang wat bloot aan die 'HSBF' geakkrediteer is. Hierdie briewe is 'n manipulasietaktiek wat nie anders is as vorige briewe nie; die skikkingsaanbod is werklik 'n verleentheid. In die brief gee die HSBF toe dat die beloofde aandele (na al die jare) slegs in die proses is om oorgedra te word en dat dit klaarblyklik nog nie oorgedra is nie.

Die HSBF se probeerslae om die HSAG-regsman in hul briewe en voorstelle te beledig, sal nie werk nie. Reeds toe Mnr. Helgard Hancke die HSBF anoniem gestig het namens Mnr. Nic Georgiou, was hy uitgevang dat hy die stigter daarvan was maar sedert 2019 verskyn sy naam (buiten in ou dokumente) nie op enige plek op hul webtuiste of nuusbriewe nie. Die leë beloftes wat aan beleggers gemaak word, dra geen gewig nie.

Ons bly standvastig en toegewyd aan ons saak en ons span. Niks sal ons verhinder om namens u geregtigheid na te streef nie.

10. VALKE / NVG PROSEDURES

Die lys met volle besonderhede, soos versoek, is voorsien aan die Valke. Ons kry verskeie navrae oor die vordering van die ondersoek van die Valke. Let wel, die HSAG verskaf bloot inligting op versoek van die Valke en is nie aktief betrokke by enige klagtes of kriminele vervolgings nie.

Verskeie beleggers mag deur die Valke gekontak word ten einde hul verklarings te verkry rakende die verlies gely met hul beleggings.

Dit is belangrik dat lede so gou doenlik daarop reageer met hul antwoorde.

Om die proses te bespoedig is dit ook belangrik om, indien enigeen om welke rede ook al, nie onmiddellik op hul navraag kan antwoord nie, dit so aan die Valke oorgedra word, sodat hul die volgende persoon kan kontak.

2021 blyk die jaar te wees waarin die Valke en vervolgingsgesag daadwerklik begin optree teen persone wat die wet oortree. Sien hieronder 'n opsommende uittreksel uit 'n artikel geskryf deur Sarel van der Walt in Die Burger van 5 Junie wat hoofsaaklik handel oor werkwyse van en uitdagings wat die Valke in hul ondersoeke ondervind.

NVG "kry nou momentum teen die groot visse"

"Die polisiekundige prof. Rudolph Zinn van Unisa sê "ons sien waarskynlik nou die eerste groot stappe in die regte rigting" nadat die hooggeregshof in Bloemfontein 'n aansoek van die nasionale vervolgingsgesag (NVG) se ondersoekende direktoraat toegestaan het om bates van Iqbal Sharma, sy maatskappy asook 'n Gupta-maatskappy voorlopig te bevries het.

Zinn sê die stappe van die NVG is die regte prosedure om korrupsiesake te ondersoek.

"Dit is belangrik om te verstaan dat wanneer korrupsie ondersoek word jy eers die bates wat betrokke is en deur die korrupsie aangekoop is moet bevries of daarop beslag lê. Dit is nodig omdat die verdagtes die bates kan vervreem terwyl die ondersoek aan die gang is. Dit is waarskynlik die doeltreffendste manier.

"Nadat die eiendom bevries is maak die Wet voorsiening vir 'n volgende proses – en dit is dat daar op die eiendom beslag gelê kan word.

"Daar is 'n ander stel reëls wat hier geld en wat gebruik word om te sê die bates is moontlik deur korrupte en misdadige bedrywighede bekom. Dit kan die NVG help om

die bates later te verkoop en die opbrengs daarvan aan die staat te gee. Waarmee die slagoffers byvoorbeeld vergoed kan word.”

“Dit is ‘n parallelle lyn met die strafregtelike klagte wat ondersoek word. Dit is wat jy nodig het om groot korrupsiesake doeltreffend te hanteer. Dit is die eerste groot stap in die regte rigting en mens sal wil sien in watter mate die NVG dit deurvoer.

“Dit sal alles daarvan afhang of die NVG genoeg bewyse het om ‘n skuldigbevinding moontlik te maak – of as dit dan in ‘n siviele saak oorgaan of die NVG genoeg getuienis het om ‘n oorwig van omstandighede te regverdig om beslag te kan lê op die eiendom,” sê Zinn.

Zinn se Unisa-kollega emeritus prof. Pieter Labuschagne, ‘n regs-en politieke kenner, sê die een mens na die ander wat na bewering by korrupsie betrokke was, word nou aangekla. Dit gaan groter momentum begin kry.

“Dit is die groot visse wat nou gevang word. Mense is dikwels bekommerd omdat dit so lank neem, maar die NVG moet seker van sy saak wees voordat iemand aangekla word.

“Onthou, daar is net een kans omdat iemand nie vir 'n tweede keer weens dieselfde klag verhoor kan word nie,” sê Labuschagne.

“Die wêreld raak nou klein vir die Guptas na Suid-Afrika se versoek aan Interpol om hulp met hul inhegtenisneming.”

Die Valke het die lys en hulle is in die proses om die beleggers te kontak. Ons weet nie wie gekontak sal word nie.

Hulle vra baie basiese vrae soos:

- hoeveel en waarin het u belê
- aan wie het u betaal
- waar het u gehoor van die beleggingsopsie
- watter dokumente het u hieroor ontvang
- hoeveel rente het u ontvang ens.?

Die HSAG-lede het niks om oor te bekommer nie aangesien hulle slegs getuies is in die hangende ondersoek.

Ons versoek dat indien u nie in die posisie is om die dokumente so gou moontlik bymekaar te kry nie, (aangesien u gesertifiseerde kopieë sal moet aanheg) dat u onmiddellik die persoon wat u gekontak het daarvan inlig dat hulle aan kan beweeg na die volgende persoon.

Hoe vinniger hulle genoeg inligting het om die verklarings te voltooi, hoe vinniger kan hulle aansoek doen by die hof om 'n ondersoek te begin.

Daarom moet ons asseblief nie tyd mors in hierdie aangeleentheid nie.

11. HSAG-LIDMAATSKAP EN BESKERMING

Dit het onder die HSAG-bestuur se aandag gekom dat Nic Georgiou se HSBF vorms aan adviseurs en beleggers stuur wat die kansellasië / beëindiging van hul lidmaatskap en mandaat met die HSAG aanmoedig deur die sogenaamde 25% Aandele aanbod met Orthotouch (wat tans in Besigheidsredding is) op te neem.

'n Paar belangrike feite wat in ag geneem moet word, word hieronder gelys:

- I. Die HSAG is spesifiek gestig deur Hoëveld Sindikasie beleggers om van Mnr. Nic Georgiou en ander te eis vir skade wat hulle gely het toe hulle aandele gekoop het in die mislukte HS maatskappye. Ons wil graag aan die beleggers benadruk dat die doelstellings van die HSAG steeds dieselfde is en lidmaatskap heeltemal vrywillig is.
- II. Tot nou toe, buiten vir 'n paar sleutelpersone wat deur Georgiou in die geheim afgekoop is, was die algemene klagte aan die HSAG (van persone wat met wie Georgiou sou geskik het), dat nie een van sy beloftes gematerialiseer het nie. Enige nuwe skikkings met Mnr. Nic Georgiou en/of Mnr. Helgard Hancke (en ander persone buite die HSAG) sal in alle waarskynlikheid 'n voorwaarde bevat wat beteken dat die belegger al sy/haar regte sal afteken om 'n lid van die HSAG

klas-aksie te bly, asook dat alle persone soos Georgiou, sy familie en Hans Klopper teen wie opgetree word, kwytkeseld word van aanspreeklikheid.

- III. Indien lede soos hierbo skik, sal dit die effek hê dat die belegger nie aan die HSAG klas-aksie kan deelneem nie, en dus sy/haar regte sou afteken om te skik vir die balans van sy/haar eis, of hy/sy nou betaling van Georgiou ontvang het, al dan nie.
- IV. Mnr. Hancke en Georgiou se meelopers is nie prokureurs, geregistreerde finansiële adviseurs of lede van die HSAG nie en moet HSAG lede uiters versigtig wees om dokumente wat deur hulle aangebied word, te onderteken sonder om behoorlike regsadvies in te win.
- V. Die HSBF is 'n gesiglose organisasie sonder enige bekende regs-vertegenwoordigers, prokureurs en/of geregistreerde finansiële adviseurs.
- VI. Mense wat buite die HSAG skik, sal geen beskerming ontvang as Georgiou versuim om sy verpligtinge na te kom nie, en moet dus regstappe in hul eie name instel, waarvan die kostes vir hul eie rekening enorm kan word.
- VII. Die gevolge van 'n lid van die HSAG wat so 'n skikking onderteken het, kan verreikende gevolge hê. Dit kan onder andere beteken dat daardie belegger se eis verjaar het, en daar nie meer regstappe vir sodanige eis ingestel kan word nie.
- VIII. Win gevolglik regs- en/of finansiële advies in voordat u enige verdere dokumente met Orthotouch, Mnr. Nic Georgiou of enige van sy agente onderteken.
- IX. As beleggers as lede van die HSAG klas-aksie wil voortgaan, moet ons op jou finansiële en morele ondersteuning kan staatmaak. Aangesien die meeste van

die beleggers pensioenarisse met baie beperkte middele is, is elke persoon se bydrae van groot belang.

- X. Die HSAG Bestuur en Span is steeds lojiaal aan ons lede. Ons bly vasbeslote en werk hard om die Respondente aan die pen te laat ry.

12. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnummers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend. Versuiming om hieraan te voldoen kan die gevolg hê van onnodige verdragings of dat u geen antwoord sal ontvang nie.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagstates@gmail.com** vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir betalingsbewyse

- admin@ccaf.co.za vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm
- enquiries@ccaf.co.za vir ander CCAF navrae

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

13. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrieff vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by www.hsaction.co.za en kan direk besigtig word by die volgende skakel: <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf>

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com

AFRIKAANS HIERBO

MONTHLY NEWSLETTER: MAY 2021

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

This email is confidential and is exclusively meant for the addressee. If you have received it in error/wrongly, please notify the sender immediately at hsagenquiries@gmail.com and delete it. You may not copy, disclose or deliver any email received in error or any part of it to anyone else. HSAG’s webmaster uses antivirus software to prevent viruses and other malicious code. However, such software cannot prevent or eradicate all such code. The HSAG or its representatives will not be liable for any loss, harm or damage whatsoever arising from receipt or use of this email or otherwise, whether arising through negligence of the HSAG, its members, steering committee, and agents or otherwise.

The www.hsaction.co.za website is the primary place where you will find HSAG information, subject to the disclaimer contained therein (and also applicable hereto), although emails are also sent out from time to time.

The obligation to keep us up to date of any changes to your personal and/or contact details as well as to make sure that the contents of your monthly statements are correct rests on you as HSAG member.

HSAG OFFICIAL NEWSLETTER –CONTENTS

1. INTRODUCTION
2. WHAT DOES HSAG COURT CASES ENTAIL?
3. IMPORTANT REQUEST: DECA (HS 15-22)
4. 2021 CCAF AND HSAG REQUISITION
5. PROGRESS IN CCAF (HS 21 & HS 22)
6. HSAG AND CCAF MEMBERSHIP
7. BUSINESS RESCUE STATUS REPORT FILED BY HANS KLOPPER – HIGHVELD SYNDICATION COMPANIES
8. JACQUES DU TOIT PROGRESS REPORT – ZEPHAN AND ORTHOTOUCH (IN BUSINESS RESCUE)
9. LETTER RECEIVED FROM HSIF
10. HAWKS / NPA PROCEDURE

- 11. HSAG MEMBERSHIP AND PROTECTION
